Publication: Beeld (Uitgawe 1)
Date: Tuesday, February 09, 2021
Page: 3


# De Lille se man sterf ná hy lank siek was

Patricia de Lille, minister van openbare werke en infrastruktuur, se man, Edwin (72), is Sondagaand dood.

Hy was lank siek. Die De Lille-familie het die nuus gister bekend gemaak.

Die De Lille-egpaar was 49 jaar lank getroud en het een kind, Alistair.

De Lille bring in 'n verklaring hulde aan haar man as 'n liefdevolle pa en 'n man wat haar gedurende haar politieke loopbaan te alle tye ondersteun het terwyl hy haar die vryheid gegee het om haar werk ten volle te doen om die land te dien.



Edwin de Lille

"Ons huwelik is op respek gebou. Eddie was 'n vennoot in die ware sin van die woord en het my nooit verhinder om my oortuigings te volg nie.

"Daar was respek en ondersteuning tot in sy laaste dae en ek sal hom baie mis," sê De Lille.

Die Good-party het sy medelye met die gesin betoon en sy innige meegevoel met die partyleier uitgespreek.

"Tannie Pat was 49 jaar met Eddie getroud. Mag sy en hul seun, Alistair, krag put uit die liefde en ondersteuning van goeie mense oor die land heen," sê die party in 'n verklaring.

"Hulle sal nooit alleen loop nie. Mag Eddie in vrede rus."

**– Warda Meyer**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.